View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Directory of Open Access Journals

# BOEKBESPREKING

J. H. KROEZE, **„HET BOEK JOZUA"** in die reeks „COMMENTAAR OP HET OUDE TESTAMENT" uitgegee deur J. H. KOK, KAMPEN, 1968.
Prys: f 27,50 = iets meer as R5.50.

Prof. Kroeze lewer met hierdie kommentaar 'n verdere toevoeging tot die bekende reeks „Commentaar op het Oude Testament" waarin ook sy Jobkommentaar verskyn het. Uiterlik is die boek keurig en stewig versorg — 'n kenmerk van die reeks as geheel.

Die skrywer bewys hom nie alleen as teoloog nie, maar ook as Semitikus met 'n oorsig van die geweldige terrein wat deur beide hierdie betitelings veronderstel word. Hoewel dit nie anders kan as dat daar spesialisering moet plaasvind op so 'n uitgebreide terrein nie, laat Kroeze se belesenheid hom toe om in sy kommentaar gebruik te maak van 'n veelheid oudheidkundig-argeologiese gegewens, om hom op hoogte te toon van die literêr-kritiese arbeid op Josua, en van die vroeg-Christelike en Reformatoriese literatuur.

In die Inleiding, waar hy handel oor die ontstaan en historisiteit van die boek Josua, stel hy hom duidelik op die standpunt waarvandaan hy in die kommentaar uitgaan, nl. die standpunt van die gelowige Christen. Met ander woorde, hy bied ons 'n teologiese kommentaar en nie 'n kritiese kommentaar in die sin van die woord wat vandag gangbaar is nie. Hiermee word bedoel dat die werk 'n kommentaar is op die boek Josua as deel van die openbaring van God. Vir so 'n kommentaar is daar nie alleen bestaansrèg nie maar 'n dringende noodsááklikheid van bestaan. Wat o.i. egter nie aanvaarbaar is nie, is die wyse waarop die skrywer dikwels blyke gee dat hy in beginsel die resultate van die literêr-kritiese studie **in konfrontasie** met die Skrifgelowige beskou, bv. waar hy op p. 13 die resultate van die „menselijke studie" (waarvoor hy nogtans groot ruimte wil laat) as in stryd met die eerbied wat ons aan die Ou Testament verskuldig is, beskryf. „Menselijke studie," verstaan as die onbevange bestudering van die boeke van die Ou Testament as literêre groothede, het ook 'n bestaansreg en kan ook in diens gestel word van 'n teologiese studie. Hier is ons by die ou strydvraag van die **epoché** waaroor daar baie geskryf en geredeneer is en waaroor daar nie in 'n resensie uitgebrei kan word nie. Sy dit egter duidelik gestel dat Kroeze nie die waarde van alle literêr-

historiese studie ontken nie (vgl. pp. 101/2) — hy maak daar immers self van gebruik. Maar hy staan afwysend daarteenoor wanneer dit 'n resultaat oplewer wat in stryd skyn te wees met wat hy as Gereformeerde Christen glo. So kom bv. die positiewe wat daar in die verskillende gestaltes van die bronnesplitsingsteorie sit, nie in die boek tot sy reg nie. Dikwels gebruik die skrywer dan 'n uitroepteken wanneer hy standpunt inneem teen 'n opinie — iets wat vanweë die oormaat daarvan hinderlik aandoen!

Maar wat gesê is, ontken nie die waarde van hierdie kommentaar vir die prediking nie. Want die boek Josua is 'n boek wat verhaal van die handeling van God met sy volk, en as kommentaar hierop gee die werk van Kroeze materiaal in die hande van die prediker wat hy met vrug kan gebruik.

Die skrywer volg in die kommentaar die patroon om die teks perikoopsgewys te vertaal en uit te lê. Die vertaling is noukeurig en fris en op sigself reeds eksegese. As enkele illustrasie kan dien die wisselende weergawe van **l**$^{e}$ plus die infinitivus constructus van **'âmar**: bv. in 1:1 met 'n dubbelpunt, in 2:1 met „met de opdracht" en in 21:2 met „aldus" — in teenstelling tot die Afrikaanse vertaling se foutiewe en lompe „en gesê". Op die vertaling volg dan telkens die uitleg vers vir vers. Hier bring die skrywer dan al sy materiaal op heldere en kompakte wyse byeen, nl. tekskritiek, grammatikale verantwoording, argeologies-historiese gegewens, alles ten dienste van die eksegese. Soms is hy egter nie so indringend soos op ander plekke nie. Wanneer hy bv. die straf van Agan behandel (7:24-26), maak hy nie melding van die sg. korporatiewe persoonlikheidsgedagte waaraan o.a. H. Wheeler Robinson soveel aandag gegee het nie; ook nie van die moontlikheid dat die familie van Agan deur woongemeenskap saam met hom skuldig geword het aan die vergryp aan die bangoed nie (Hertzberg, ATD 9, i.l.); en hoewel hy tog praat van die „recht bij de ban" en die „gewone recht", behandel hy nie die onderskeid tussen sakrale en sedelike reg nie — miskien met opset? 'n Uitvoeriger bespreking van hierdie episode wat aan soveel lidmate (en predikante is hier by ingesluit) probleme besorg, sou welkom gewees het. Maar ook hierdie aantekening doen nie afbreuk aan die waarde wat die eksegese vir die prediking het nie.

Kroeze se kommentaar op Josua behoort 'n plek te hê in die biblioteek van die predikant. Soos enige boek behoort dit ook krities gebruik te word, en soos elke ware wetenskaplike sal die skrywer dit seker ook nie anders wil hê nie. Die waarde daarvan lê in die betekenis wat dit vir die predikant by sy prediking sal hê. (Vgl. vir hierdie opmerkinge bv. die uitleg van 10:15). Daarom wens ons die kommentaar 'n wye kring van gebruikers toe.

J. A. LOADER.

**COMMENTAAR OP HET OUDE TESTAMENT.** Dr. C. J. Goslinga: Het Eerste Boek Samuël (495 bladsye). J. H. Kok, N.V., Kampen, 1968. Prys:

Reeds uit die inleiding is dit duidelik dat Dr. Goslinga 'n baie deeglike studie gemaak het van die boeke ( I en II)Samuël voordat hierdie kommentaar die lig gesien het. Omdat die skrywer reeds baie jare besig is met I en II Samuël kon hy in die inleiding wat handel oor I en II Samuêl, die inleidingsprobleme uitvoering behandel. Hy doen dit dan ook sonder om die leser te oorlaai met 'n reeks onwaarskynlikhede soos so dikwels in kommentare gebeur.

Met die deurlees van die werk het veral die volgende opgeval, waarvoor ons waardering het:

In die eerste plek skaar die skrywer hom nie by diegene wat ook hierdie boek van die Ou Testament „versnipper" in J, E, P en D „bronne" nie. Dr. Goslinga se standpunt is dat een bepaalde outeur van verskillende skriftelike en ook mondelinge berigte gebruik gemaak het om in een werk die geskiedenis van die instelling van die teokratiese koningskap in Israel te beskrywe.

In die tweede plek het die skrywer op 'n nugtere wyse die tekskritiese probleme aangepak. Hier het hy die dele van Samuël wat in die Dooie See grotte gevind (en reeds verwerk is) ook in ag geneem.

Verder ontwyk die skrywer ook nie belangrike vrae nie, maar behandel dit volledig. So byvoorbeeld die probleem wat hoofstukke 16 en 17 van I Samuël oplewer oor die eerste kennismaking tussen Saul en Dawid.

Ongelukkig gee Dr. Goslinga meermale net verskillende standpunte wat reeds deur vorige kommentatore ingeneem is, sonder om enige iets nuuts te sê. Nou weet ons dat dit nie altyd moontlik is om iets oorspronkliks te sê nie; maar 'n vergelykende studie sou o.i. in baie gevalle iets meer opgelewer het. Ons noem slegs twee voorbeelde:

1. Die skrywer weet nie raad met die (op die oog af) dualisuitgang van Ramataïm nie (I vs. I). Indien ons hierdie uitgang vergelyk met die naam Aram Naharaïm in Genesis 24 vs. 10, dan lyk dit asof hierdie uitgang (-aïm) nie 'n dualis is nie, maar 'n ou locativus (vgl. die kommentaar van Dr. A. van Selms, Genesis deel II, bl. 39). Is dit nie 'n baie beter oplossing van die probleem nie?

2. By die behandeling van I Samuël 8 vs. 11 - 17 word niks nuuts gesê nie. (So ook bv. 1 Samuël 22 vs. 7). Ons is oortuig daarvan dat 'n vergelyking van byvoorbeeld hierdie gedeeltes met sekere gedeeltes uit die Ugaritiese tekste iets meer sou oplewer.

Hierdie geringe punte van kritiek doen niks af aan die verdienstelikheid van Dr. Goslinga se werk nie. Ons sou dit beslis aanbeveel by al die lesers van H.T.S.

A. P. B. Breytenbach.

**EBERHARD BUSCH, HUMANE THEOLOGIE,** EVZ-Verlag Zürich 1967. 35 Bladsye. Prys onbekend.

Hierdie boekie is 'n verwerking van 'n radiorede van die skrywer wat op 9 September 1966 uitgesaai is oor die Beromünster 11 – sender. Dit is 'n heruitgawe in die „Polis"-reeks (No. 23) onder redaksie van Max Geiger, Heinrich Ott en Lukas Visscher.

Die skrywer was sedert 1965 „Assistent" van prof. Karl Barth. Die boekie handel oor die teologiese denke van die „ou" Barth. Sedertdien is Barth op 10 Desember 1968 oorlede. Dit is jammer want ons sou graag nog sy antwoorde wou verneem oor baie bewerings wat in die jongste tyd teen hom gemaak is. Een bewering wat bv. teen hom gemaak is, is dat hy behoort het tot die „metafisiese tydperk" en nie die oorgang tot die sogenaamde " 'geschichtliche' tydvak" meegemaak set nie.

Busch se boekie gee ons 'n blik in die teologiese denke van Barth op sy oudag: Wat was Barth se beskouing in die laaste jare van sy lewe oor die tema en opdrag van die christelike teologie? Busch meen dat dit saamgevat kan word onder die begrip **"humane Theologie"** (7). Natuurlik nie „humanistiese teologie" wat die woord van God „humanistisch . . . deuten und umdeuten" en dit sodoende kragteloos maak nie. Teenoor hierdie soort teologie het Barth altyd duidelik NEE gesê.

Omdat Christus vir Barth "das A und das O aller Theologie" is, fundeer hy sy "humane Theologie" in Christus wat God se „Aufbruch zum Menschen" is. Busch siteer hier 'n paragraaf uit Barth se **Kirchliche Dogmatik** uit die jaar 1956 oor die „Menschlichkeit Gottes" (14 - 16). Barth stel daar: „Gottes recht verstandene Gottlichkeit schlieszt ein: seine Menschlichkeit". In sy christologiese uiteensetting van hierdie stelling, stel Barth dat in Christus „ein-für allemal darüber entscheiden ist, dasz Gott nicht ohne den Menschen ist". God wil in Christus die mens se "Part-

ner", „Erbarmer" en „Heiland" wees. In hierdie soewereine beslissing is God menslik. Sy vrye „Bejahung" van die mens, sy vrye „Teilnahme" aan die mens, sy vrye „Eintretung" vir die mens, is God se menslikheid, sy „Menschenfreundlichkeit" wat gelowiges en ongelowigesmense insluit.

Busch toon aan dat die mens vir Barth nooit uit homself goed of menslik kan wees nie. Sy goedheid en menslikheid „hängt an dem Ereignis, in dem Gott seine Menschenfreundlichkeit und seine Gute kundgibt". Hierop moet die mens antwoord met sy " 'danke' sagen". Die dank is die "Wurzel" en die "Urwort" van die mens se vryheid, die "Grund" op grond waarvan hy 'n goeie kreatuur is. En dan is alleen die mens wat dankbaar teenoor God is "der wahrhaft menschliche Mensch".

Met 'n aantal sitate uit Barth se teologiese denke van sy oudag, toon Busch aan hoe Barth sy "humane Theologie" op die verskillende lewensterreine toegepas het.

Eerstens die kerk.

Die mens moet op God se woord antwoord met die doen van "guter Werke". Die plek waar hierdie antwoord op die "Menschenfreundlichkeit" van God geskied, is die kerk. Die antwoord neem die vorm aan van "Dienst" wat moet bestaan uit "Gottesdienst" en "Menschendienst" wat geskied in "nachfolgen — oft genug nur nachhinken" van God (18 en 19).

Barth het om hierdie rede dat die kerk die plek is van die antwoord van die mense op die "Menschenfreundlichkeit" van God, hom in sy laaste jare baie besig gehou met die verskeidenheid van kerke wat teenoor mekaar staan. Barth se antwoord hiervoor is dat elke kerk steeds **dienende kerk** moet wees. En as **diens** die hoofsaak is, dan kan die een kerk ook nie vir die ander kerk sit en wag nie. Hy kan ook nie poog om die ander kerk te verander of aan hom gelykvormig te maak nie. Nee, maar hy moet voor sy eie deur vee! Aan die anderkant kan hy ook nie maar sy eie "Glaubensweise" prysgee en hom tot die ander kerk „bekeer" nie. Nee, hy moet hom eerstens en veral en altyd weer in nuwe gehoorsaamheid by Christus aanpas, hom tot Hom bekeer. Dus: geen karakterlose eenvormigheid nie maar eenheid deur die geloof in Christus!

Maar wat van die kerk onder 'n totalitêre owerheid? Barth antwoord dat die kerk wat deur God vrygemaak is, waarskynlik "das einzige Mächtige" in 'n wêreld is wat deur die magte oorweldig en oorheers word. Die kerk weet egter ook dat die totalitêre maatskappy en staat leuens is en hy vrees nie die leuen nie.

God is die regter oor alle leuens. Daarom sal die kerk, al is sy posisie onder so 'n owerheid ookal hoe benard, by sy taak en sy opdrag bly en weet dat dit hom verbode is om vir sy eie toekoms te vrees. En as die kerk se verkondiging niks meer as "Papperlapapp" is nie, is dit goed dat die kerk dan sal ondergaan (28 - 3) !

Tweedens die terrein van die menslike reg.

Menslike reg is natuurreg wat altyd blootgestel is aan die gevaar om "ein ideologischer Überbau zungunsten der herschende Klasse zu sein". Dit geld ook vir die marksistiese reg! Die gelowiges wat die koningsheerskappy van Christus ken, moet hulle daarom voortdurend beywer vir reg wat meer as natuurreg is (26 - 27).

Derdens die terrein van die eskatologie.

Van Barth se studente het beweer dat die gerigsgedagte in sy eskatologie ontbreek, dat die ongelowiges feitlik ongestraf bly. Barth se antwoord was dat hulle straf hom minder aangaan as sy eie straf. Van God se kant het daar 'n „unermeszliche Angebot" uitgegaan tot alle mense waarop hulle met dankbaarheid moes antwoord. Maar die hele mensheid, ingeslote die christendom, is ondankbaar. Daarom sal die ewige straf wees "dasz wir uns . . . schämen müssen" oor ons ondankbaarheid. Aan die einde van die tyd sal die totaliteit van die glorie en die skande van ons eie lewe, maar ook van die wêreld- en kerkgeskiedenis voor die regterstoel van Christus staan; dié Christus wat vir ons gesterf het en opgestaan het uit die dode (31 - 32) !

Busch se boekie is inderdaad interessant: só het een van die grootste meesters van die dogmatieke oor hierdie kernsake op sy oudag gespreek! Dit maak Busch se boekie die moeite werd.

Dit is moontlik om met Busch te verskil oor 'n paar sake: Is die begrip "humane Theologie" werklik 'n paslike beskrywing van Barth se teologiese denke op sy oudag? Sou dit nie miskien 'n veel raker, treffender beskrywing van Barth se teologie, soos dit uit die aanhalings wat Busch maak, wees om met Berkouwer te praat van die "triomf der genade" in die teologie van K. Barth nie? Want kon Barth nie juis só oor die mens spreek, juis omdat hy langs die weg van sy streng christologiese denke, weer verstaan het wie God is nie? Kortom: Barth se teologiese denkarbeid is „Teologie", spreke oor God en daarom ook spreke oor God en daarom ook spreke oor die mens. Daarom lyk dit ook nie moontlik om met Busch saam te stem dat daar in Barth se denke met die loop van die jare 'n koersverandering van God na die mense plaasgevind het nie.

C. J. MANS.

G. C. VAN NIFTRIK, **DE HEMEL,** Nykerk 1968. Slapband. 175 bladsye. Prys onbekend.

Die skrywer is die bekende prof. G. C. van Niftrik, hoogleraar vanweë die Nederlandse Hervormde Kerk aan die Universiteit van Amsterdam.

**De Hemel** is 'n dogmatiese studie waarin dit gaan "over de ruimtelijkheid van God" — soos die ondertitel van die boek dit ook aandui. Die "na-barthiaanse theologie" praat nie graag oor die hemel nie. Dit geskied in gehoorsaamheid aan Bultmann se opdrag om te ontmitologiseer. Volgens Bultmann behoort die „hemel" nog tot die voorstellingsmateriaal van 'n tydvak wat nog nie 'n wetenskaplike wêreldbeeld gehad het nie. Bultmann het dan ook in hierdie verband gestel dat geen volwasse mens God meer voorstel as 'n wese wat bo in die hemel is nie. Die hemel, in hierdie ou betekenis van die woord, bestaan net nie meer vir die moderne mens nie. Net so min bestaan daar volgens Bultmann 'n hel. Daarom is die verhale van die hemel- en hellevaart van Christus vir hom "Erledigt".

Van Niftrik wil nie aan hierdie ontmitologisering van die Bybel meedoen nie. Die Bybel praat baie oor die „hemel" en die „koninkryk van die hemel". Hy is oortuig dat hierdie en ander mitologiese begrippe iets wesentliks oor God en Sy werk ten behoewe van ons, wil sê. Daarom moet ons hierdie voorstellings nie maar net as „mites" verwerp en uitsny uit die Bybel nie, maar dit interpreteer. Hy is oortuig dat die voorstaanders van die ontmitologisering "dikwijls met het badwater (de mythologische voorstellingen) ook het kind (de záák!) wegwierp" (9 - 11). Die hemel dui op "een werkelijkheid . . . die voor ons nog revelant is" ([15]).

Van Niftrik dui aan dat die huidige teologie van mening is dat ons alleen goed kan "theologiseren in de categorie van de tijd" terwyl die kategorie van die ruimte links laat lê word. Hy wil aantoon dat die kategorie van die ruimte ook "theologische revelantie" het. Dit alles ook met die oog op die prediking. Want met die ontmitologisering, met die verbygaan van die kategorie van die ruimte word die prediking en sielsorg verskraal. Dit gaan ook om die vraag: "Wat hebben wij te zeggen bij een graf" ([16])?

Dit is nie Van Niftrik se bedoeling om op apologetiese wyse kinderlike en verouderde voorstellings te probeer red nie. Hy is ook nie teen 'n ontmitologisering wat die aandag wil vestig op die "zeitbedingte" karakter van bybelse en kerklike voorstellings, maar tog duidelik "het bedoelde, het geïntendeerde, de aangeduide werkelijkheid", in daardie voorstellings wil behou nie ([17]). Die

gelowige van ons tyd met sy vuurpyle en ruimteondersoek mag weet dat daar vir die hemel nog ruimte in sy geloofsdenke is. Hy weet dat die voorstellings oor die hemel vrug is van vrome fantasie. Hy mag egter ook weet dat dit nie maar sommer net roekelose fantasie is nie. Dit was verantwoordelike spreke oor God. Spreke wat dit duidelik wil stel dat daar in God „ruimte" is vir die mens. En hierdie ruimte wat God vir die mens het, is 'n werklikheid vir die hede en die hiernamaals. God is self ruimtelik. Die liefdevolle ruimtelikheid van God is die hemel.

Van Niftrik het hierdie gedagte op meesterlike wyse uitgewerk. Hy is voortdurend in gesprek met die sogenaamde "Moderne Teologie" (of ook: Radikale Teologie, of miskien beter: Moderne Vrysinnigheid). Dit is 'n aangename verandering om in die roekelose afbraak van die bybelse waarhede deur laasgenoemde teologie, hierdie boek van Van Niftrik te lees! Dit is 'n boek wat getuig van pastorale bewoënheid. Daar is 'n boodskap vir die sterwende. Daar is troos vir hulle wat by 'n graf moet staan.

Besonder gedagteprikkelend is die hoofstukke oor die "ruimtelijkheid van God", "Het verolren paradijs", "Dood en leven" en die "Overwinning over de dood".

Hierdie boek verdien inderdaad 'n wye leserskring!

C. J. MANS.